MRK Klubkompetisiereels 2024

1. Die kompetisie is oop vir alle lede van die Magalies Amateur Radio Klub, waarvan die ledegelde vir die tydperk tot 31 Julie 2024 opbetaal is of wat as lede erken word op grond van erelidmaatskap of komplimenter vir nuwelinge.

2. Logstate moet in Afrikaans ingevul word.

3. QSL's van QSO's met klublede tel 3 punte elk

3. QSLs van QSO's met ander ZS, ZR, ZU en ZT roepseine tel 1 punt .

4. Alle ander QSLs tel 2 punte elk

5. Elke QSO wat ingeskryf word, moet simpleks wees, m.a.w. geen herhalers en geen sateliet QSOs nie

6. 'n QSO tel as 'n QSL indien dit op LOTW (Logbook of the World) bevestig is.

(Nie alle QSO's sal so bevestig wees nie – maar uit die aard van die saak sal dit vir almal geld.).

7. Die QSO moet inisieer word deur 'n outonome aksie van 'n natuurlike persoon, en wel 'n gelisensieerde Radio Amateur (m.a.w. geen FT8 robot QSOs nie).

8. QSLs op alle gelisensieerde amateur frekwensies tel.

9. Skisofrene mag een inskrywing inskryf vir elkeen van hulle persoonlikhede, mits die persoonlikhede elkeen sy eie roepsein het.

10. Die kompetisie begin 1 Januarie 2024 om 00:01 UTC en strek tot 31 Julie 2024 om 23:59Z

11. Inskrywings kan gemaak word in drie kategorië, nl Gelykgolf, Spraak, Syfermodus.

11.1 Spraak modus sluit FM, AM, SSB in.

11.2 Syfer modus sluit in alle syfer modusse, insluitend maar nie beperk tot FT8, FT4, RTTY, SSTV, ROS, MONICA en die res van die karakters van "Friends"

12. Die finale telling sal die total van punte vir bevestigde QSO's wees

13. Daar moet voldoen word aan al die regulasies met betrekking tot Amateur Radio in Suid Afrika

14. Die inskrywing moet vergesel word van 'n opsomming van die stasie, wat aandui soort radio, versterker en antenna.

15. 'n Excel logstaat sal voorsien word vir die invul van die inskrywings – Die uitdruk van die bevestigde LOTW inligring moet aangeheg word.

16. Die komitee behou die reg voor om te versoek dat deelnemers die betrokke inligting op die LOTW-Webblad demonstreer.

17. Logstate word elektronies ingedien deur dit per e-pos te stuur aan sekretaris@zs6mrk.org voor 15 Augustus 2024.

18. Inskrywings kan ingedien word in meer as een kategorie. (Afsonderlike logstate vir elke kategorie)

19. Die QSLs hoef nie elkeen met 'n unieke roepsein te wees nie, maar 'n stasie kan slegs een keer per band per modus per UTC dag gewerk word.

20. Die komitee se beslissing sal finaal wees.